[9] Meyerspark Bybelstudie – Stap saam deur die Psalms: Psalm 8

Psalm 8: ’n Lofsang aan die Hemelkoning wat eenvoudige gelowiges deelgenote van sy heerskappy maak.

1. VIR die musiekleier; op die Gittiet. 'n Psalm van Dawid.	Opskrif
2. O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele.	Refrein
3. Uit die mond van kinders en suigelinge het U sterkte gegrondves, om u teëstanders ontwil, om die vyand en wraakgierige stil te maak.	Die Here sien om na die kleines
4. As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het — 5. wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? 6. U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon. 7. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel: 8. skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld, 9. die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see.	Die Here sien om na die mens
10. O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!	Refrein

Psalm 8 loof die Here as die majestueuse God wat Hom na die mens afbuig en aan hulle ’n deel van sy koninklike eer toeken. Ook arm en eenvoudige gelowiges deel in die Here se heerskappy en word opgeroep om hulle te verset teen enige opstand teen God se heerskappy omdat Hy uiteindelik sal triomfeer en sy heerlikheid vir almal duidelik sal wees. Die mens as spesie word geteken as God se (koninklike) verteenwoordiger op aarde wat chaos moet bestry en orde in die skepping en reg en geregtigheid moet help vestig. Die psalm sluit dus nou aan by teksgedeeltes soos Gen 1:26-28 en 9:1-3. Dit bied ’n antwoord op die gebede om hulp in Psalms 3-7 en bevestig die Here se ereposisie in die hemel (Ps 2:4) en sy gesag oor die ganse aarde (2:8). Die vergelyking tussen God en mens, die opnoem van diersoorte, die retoriese vrae en beklemtoning van die belang van orde toon duidelike invloed van wysheidstekste soos Spreuke (vgl. Spreuke 8).

1. Die refrein (8:2a en 10) loof die Here as die persoonlike God van gelowiges, maar terselfdertyd ook as Skepper wie se eer duidelik in die skepping sigbaar is. Wat beteken die beskrywing “U wat u majesteit gelê het op die hemele”? Let op die parallellisme tussen vers 2b en 2c.

2. Psalm 8 maak dit wat oor die gesalfde koning in Ps 2 gesê word, van toepassing op alle mense, in die besonder op gelowiges. Watter ooreenkomste is daar tussen die twee psalms ten opsigte van God se heerlikheid en mag, menslike outoriteit, en die sinloosheid van opstand teen die Here?

3. “Kinders” en “suiglinge” in vers 3 is ’n metafoor vir die swakste en weerloosste deel van die volk van die Here (vgl. 1 Sam 15:3; Klaagliedere 4:4; Joël 2:16). Na wie verwys die “teëstanders, vyand en wraakgierige” in vers 3 dan?

4. Die mens is die Here se verteenwoordiger op aarde. Waaruit kan ons aflei dat die Here ’n toegeneentheid teenoor die mensdom het? Kyk na vers 4-7.

5. Wat sê Psalm 8 vir ons oor die mens se verantwoordelikheid teenoor die natuur?

6. Watter boodskap het Psalm 8 vir ons in die lig van dit wat ons in Psalm 2 en Psalms 3-7 gelees het?